NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Gemeenskapsverbintenisbeleid

Verwysingsnommer	
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	AVK: Institusionele Navorsing, Innovasie, Gemeenskapsverbintenis
Beleideienaar	Direkteur: Gemeenskapsverbintenis
Verantwoordelike afdeling	Institusionele Gemeenskapsverbintenis
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	17 November 2016
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2019
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules
Adres op die beleid-databasis	(10935746) H:\HSC\2. Management\2.1.3 Policy management\Beleide\Raad November 2016\10P-10.4_Community Engagement Policy_eng.docm

GEMEENSKAPSVERBINTENISBELEID

1 Aanhef

Die visie van die Noordwes-Universiteit (hierna genoem die Universiteit) is om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie. Die universiteit is diep bewus van sy maatskaplike verantwoordelikheid, en poog dus om alle relevante gemeenskappe by sy aktiwiteite te betrek, maar doen dit hoofsaaklik deur dit wat afkomstig is van die strewe na kennis en innovasie, ten einde die resultate voortspruitend uit die proses van navorsing/innovasie en onderrig-leer op 'n meer direkte wyse na die betrokke gemeenskappe te bring.

Deur die 'vakkundigheid van verbintenis' streef die Universiteit na die status van 'n 'betrokke instansie' en om sodoende die model te verwesenlik soos voorgestel deur Boyer in 1990. Volgens hierdie uitgebreide siening, word wetenskap geartikuleer as vier oorvleuelende funksies: ontdekking van alle vorme van kennis; integrasie (verbande tussen dissiplines en met eksterne gebeurlikhede); toepassing as dialoog tussen teorie en praktyk; en onderrig en relevansie. As deel daarvan om 'n organisasie van leer te word, beskou die universiteit nie sy kennis as die enigste legitieme vorm van kennis nie, en deur die proses van verbintenis sal hierdie benadering tot die generering van nuwe kennis bydra tot die transformasie van die kurrikulum en die aanspreek van epistemiese vooroordele, om sodoende 'n bydrae tot maatskaplike geregtigheid te lewer (Newman & Glass, 2015, 34:21-228; Erasmus, 2014:100-118).

Hierdie beleid het ten doel om belyning te verseker met nasionale regeringsbeleidsraamwerke soos geartikuleer in die Witskrif op Hoër Onderwys (1997), die gehalteversekeringsriglyne soos vervat in dokumente uitgereik deur die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) en, in die besonder, daardie riglyne wat op gemeenskapsverbintenis (GV) en diensleer (DL) betrekking het.

Tydens 'n indaba wat in 2014 gehou is, het sleutelbelanghebbendes en universiteitsbestuur 'n besluit geneem dat die beginsel van die integrasie van gemeenskapsverbintenis in kernbesigheid (in teenstelling met 'n blote derde aktiwiteit) 'n noodsaaklikheid is. Daar sal gevolglik in die toekoms van akademiese personeel verwag word om betrokke onderrig en betrokke navorsing te onderneem. Op soortgelyke wyse artikuleer die NWU se "suksesmodel vir 2025" die nodigheid om interafhanklikheid tussen en die integrasie van die drie kernfunksies van die Universiteit te verseker, i.e. onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsverbintenis.

2 Uitgangspunt

Die Universiteit gebruik die uitdrukking "deel van kundigheid" as 'n oorkoepelende term om al sy aktiwiteite m.b.t. navorsing/innovasie (bv. oorlegpleging, kontraknavorsing, patente en produkte, ens.) en onderrig-leer (bv. werkgeïntegreerde leer (WGL) en diensleer (DL) in al sy gemeenskappe (intern en ekstern)) te beskryf. Daar word breedweg daarna verwys as 'verbintenis'.

Die element "deel van kundigheid" wat bydra tot uitreik, vakkundigheid van verbintenis en maatskaplike geregtigheid waar die universiteit op grond van wederkerigheid en samewerking met eksterne partye interaksie het, staan algemeen bekend as gemeenskapsverbintenis (GV). Verwys asb. na die definisie van gemeenskapsverbintenis hieronder.

3 Doelwitte van hierdie beleid

3.1 Om leiding te gee wat betref betrokkenheid by gemeenskappe gedurende navorsing/innovasie en onderrig/leer en uitreikaktiwiteite;
3.2 Om risiko's te minimaliseer;
3.3 Om uitsette en voordele vir die Universiteit en sy gemeenskapsvennote te maksimaliseer;
3.4 Om te verseker dat daar aan statutêre DHOO- en HOKK-vereistes voldoen word, en dat daar gehou word by die regering se strategiese ontwikkelings- en institusionele imperatiewe in eksterne interaksies; en

3.5 Om strategiese belyning met die Universiteit se funksies te verseker.

4 Omvang van toepassing

Hierdie beleid is van toepassing op aktiwiteite en aksies waar die Universiteit en sy personeel interaksie het met die gemeenskap. Dit moet gelees word in samehang met ander verwante beleide soos die Beleid oor Werkgeïntegreerde Leer en Diensleer, die Etiekbeleid en die NWU se Onderrig-Leer-beleid. Daar word aanbeveel dat die gemeenskapsverbintenisstrategie ook bestudeer word vir meer duidelikheid.

5 Beleidsverklaring

Om by te dra tot die welstand en instaatstelling (bemagtiging) van alle lede van die gemeenskap is dit die beleid van die Universiteit dat sy personeel en studente hul onderskeie gemeenskappe moet betrek wanneer aktiwiteite aangepak word met betrekking tot navorsing/innovasie, onderrig en leer, gemeenskapsdiens en uitreik-inisiatiewe in 'n poging om beleid te beïnvloed en werk te maak van Suid-Afrika se ontwikkelingsuitdagings en volhoubaarheid, en sodoende sy kundigheid te deel. In kort, die strukturele integrasie van gemeenskapsverbintenis in alle aktiwiteite is van die uiterste belang en lê alle aktiwiteite ten grondslag wat deur die Universiteit onderneem word, met 'n klem op die deel van dissiplinegebaseerde kundigheid.

6 Definisies

6.1 Gemeenskapsverbintenis

Definisie: Gemeenskapsverbintenis word gedefinieer as daardie aktiwiteite van personeel en studente wat primêr gemik is op die opheffing of ondersteuning van die samelewing en/of individue wat 'n behoefte het aan bystand of betrokkenheid.

Gemeenskapsverbintenis as 'n kernfunksie van die Universiteit bestaan om vennootskappe met gemeenskappe uit te bou en te bestuur, met die bedoeling om samewerking tussen verskillende gemeenskappe en die Universiteit te fasiliteer, en om die middele te verskaf waardeur albei partye kennis aktief kan ontdek, kan onderrig en by mekaar kan leer op 'n wederkerige, wedersyds voordelige manier.

Daar word voorsien dat dit sal bydra tot die skep van 'n omgewing waarin studenteleer en navorsingsrelevansie verryk sal word. Op hierdie wyse sal die instansie se verbintenis tot vergoeding, regstelling, ontwikkeling en transformasie ondersteun word.

Interaksies waar die Universiteit gekontrakteer is om navorsing te doen of dienste te lewer waar daar geen bewyse van wederkerigheid is nie, voldoen uiteraard nie aan bogenoemde definisie van gemeenskapsverbintenis nie. Om te help om onderskeid te tref tussen 'n GV-aktiwiteit en enige ander aktiwiteit wat uitsluitlik van toepassing is op onderrig, leer en navorsing, behoort die volgende kriteria toegepas te word om te bepaal of 'n aktiwiteit aan die voorvereistes vir ware gemeenskapsverbintenis voldoen:

- Die aktiwiteit moet interaktief gekoppel word aan 'n identifiseerbare groep in 'n gemeenskap buite/binne die instansie.
- Interaksie moet aktief gekoppel word aan identifiseerbare behoeftes van sowel die Universiteit as die gemeenskap; m.a.w. 'n duidelike voordeel vir beide die gemeenskap en die Universiteit moet geïdentifiseer word.
- Die interaksie moet 'n volgehoue aktiwiteit wees wat binne 'n wedersyds gedefinieerde verhouding/vennootskap plaasvind.

Op grond van bogenoemde kriteria kan eksklusiewe onderrig- en navorsingsaktiwiteite wat nie 'n wederkerige gemeenskapskomponent insluit nie, uiteraard nie as GV beskou word nie. Om aan hierdie kriteria te voldoen, moet die leeraktiwiteite waar daar van studente in 'n spesifieke module vereis word om gemeenskapsgebaseerde navorsing te doen, aktiwiteite insluit waar die studente of akademici bemoeienis maak met die gemeenskap deur aktiwiteite te onderneem in samewerking met die gemeenskap.

6.2 Gemeenskappe

Gemeenskappe strek vanaf die Universiteit se interne gemeenskap, soos sy personeel en studente, tot 'n verskeidenheid eksterne gemeenskappe (bv. "gemeenskappe van belang" en/of "gemeenskappe van praktyk") in die openbare en private sektor en kan plaaslik, nasionaal of internasionaal gevind word.

Definisie: Die term "**gemeenskap**" dui op 'n maatskaplike groepering van die samelewing wat op enige gegewe moment by 'n interaksie betrokke is. Gemeenskap verwys dus na groepe mense wat deur 'n gemeenskaplike lokaliteit verenig word, of na groepe mense wat intellektueel, professioneel en/of polities saamgesnoer word. Dit kan m.a.w. geografiese gemeenskappe, gemeenskappe van belang en/of gemeenskappe van praktyk wees. Hierdie breë definisie maak dit vir die Universiteit moontlik om op gemarginaliseerde groeperinge in die samelewing te fokus sonder dat dit nodig is om ander gemeenskapsformasies en hul aktiwiteite uit te sluit.

Die volgende figuur verduidelik die verskillende kategorieë van *deling van kundigheid* wat binne die konteks van die Universiteit gevind word. Die integrasie van gemeenskapsverbintenis in kernbesigheid toon alle vorms van verbintenis, alhoewel sommige aktiwiteite 'met 'n winsoogmerk' en sommige 'sonder winsoogmerk' is. Ons moedig interaksie in alle vorms aan, maar wil voortbou op ons 'sonder winsoogmerk'-deling van kundigheid wat die beginsels van wederkerigheid omvat ten einde te verseker dat ons voldoen aan die regering se ontwikkelingsimperatiewe soos gestel in die Nasionale Ontwikkelingsplan en die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte.



Figuur 1: Deling van kundigheid – die geïntegreerde model.

Dit is belangrik om kennis te neem uit hierdie figuur dat daar 'uitreik-tipe- of diens'-aktiwiteite kan wees wat uitsluitlik die Universiteit bevoordeel, of 'met winsoogmerk'-aktiwiteite wat aan gemeenskapsverbintenis grens; indien dit onduidelik is, moet die beginsel van wederkerigheid toegepas word.

6.3 Betrokke navorsing/innovasie

Sommige van die Universiteit se verbintenisaktiwiteite is 'met winsoogmerk', terwyl baie dienste 'sonder winsoogmerk' is.

Navorsing/innovasie-verwante vorms van verbintenis (meestal met winsoogmerk) omvat gewoonlik oorlegpleging, kontraknavorsing/-innovasie, interne korporatiewe ondernemings, geassosieerde/filiaalmaatskappye en tegnologielisensiëring.

'Sonder winsoogmerk'-navorsingsaktiwiteite word in samewerking met eksterne gemeenskapsvennote onderneem, fokus hoofsaaklik op die breër behoeftes in die samelewing en slaag skaars daarin om kostes te verhaal. (GV kan nie altyd 'gratis' aangebied word nie, aangesien die 'wedersyds voordelig'-beginsel toegepas moet word.) In hierdie tipe navorsing moet die insette van die gemeenskap verkry word en dan beding en takseer word – 'n metodologie wat ondersteun word deur 'n verskeidenheid tegnieke wat daarop gemik is om wederkerigheid en vennootskappe te verseker. Nuwe kennis word gesamentlik gegenereer en wyd gedeel in die openbare domeine. Hierdie vorm van 'betrokke navorsing', waarna soms verwys word as deelnemende-aksie-navorsing, val binne die bestek van GV en het die potensiaal om die kurrikulum te beïnvloed en om direk geskakel te word aan aspekte van 'n student se opleiding.

In sommige gevalle kan betrokke navorsing gaan oor verskynsels wat binne gemeenskappe voorkom, in welke geval dit bekendstaan as gemeenskapsgebaseerde navorsing. Die beginsel van respekvolle en etiese toegang tot gemeenskappe en insluiting van gemeenskappe deur terugvoer is hier ook van wesenlike belang. Hoewel die gebruik van deelnemende metodes om hierdie tipe navorsing te onderneem, nie 'n vereiste is nie, wend navorsers hulle dikwels tot hierdie tegnieke. Voordat gemeenskappe in enige tipe navorsing ingesluit kan word, moet toegang tot sodanige gemeenskappe in ooreenstemming met gevalideerde etiese beginsels beding word. Hierdie beginsels sal gereël word deur die etiekbeleid. Sien reëls hieronder.

Spesiale voorsiening moet gemaak word vir terugvoer aan die breër gemeenskap oor die kennis wat gegenereer is, nie net deur middel van formele wetenskaplike kanale nie, maar ook deur professionele gemeenskapsdiens en populêre (openbare) kommunikasie.

6.4 Betrokke onderrig-leer

Onderrig-leer-verwante gemeenskapsverbintenisaktiwiteite, wat meestal sonder winsoogmerk is, sluit in **professionele gemeenskapsdienste en uitreik** sowel as **ontwikkelingsaktiwiteite met die fokus op werwing**. Dit kan ook gesubsidieerde ontwikkelingsbetrokkenheid insluit wat werkgeïntegreerde leer en diensleer behels.

6.4.1 ***Professionele gemeenskapsdienste en dissiplinegebaseerde uitreik*** **sluit in advies en die deel van kundigheid sowel as soortgelyke maar vrywillige en ongekompenseerde aktiwiteite wat onder die vaandel van die Universiteit aangebied word:**

Dit sluit daardie aktiwiteite in waar die instelling sy hulpbronne, dienste en kundigheid tot die beskikking van **die publiek** stel buite die konteks van die instelling se onderrig-leer- en navorsingsprogramme en wat meestal deur die instansie self geborg en beheer word. Dit sluit aktiwiteite in wat georganiseer en uitgevoer word om algemene gemeenskapsdienste te voorsien, uitgesonderd opvoedkundige aktiwiteite. Voorbeelde is dissiplinegebaseerde algemene adviesdienste, lede wat dien op adviesrade en redaksies, konsultasiedienste wat gratis aangebied word; toetsdienste wat gratis aangebied word (bv. grondtoetsing, koolstofdatering, strukturele toetsing); sportuitreikprogramme; gratis beskikbaarstelling van die instansie se fasiliteite/toerusting of dienste aan eksterne liggame of individue; en konserte, musiekuitvoerings, en uitstallings vir die publiek (tensy gemik op en primêr gehou vir formele onderrigdoeleindes of vir studente).

Ontwikkelingsgerigte werwing maak deel uit hiervan en is meer direk gemik op leerders met die oog daarop om hulle na die Universiteit toe te lok. Die impak is egter groot, en nie beperk tot potensiële studente nie. Dit sluit aktiwiteite in op die gebied van sportontwikkeling, onderwyserontwikkelingsprogramme en wetenskaps- en ingenieursweke (hoofsaaklik befonds deur die Universiteit) sowel as leierskapsontwikkelingsprogramme vir beroepslui – geborg maar gratis vir deelnemers en teen lae of geen koste vir die Universiteit.

6.4.2 ***Gesubsidieerde ontwikkelingsgerigte gemeenskapsverbintenis*** verwys na die prioriteit wat verleen word aan die oordrag van kennis na en die verbetering van die leerervarings van studente. In hierdie verband is prosesse belangrik wat siviele verantwoordelikheid onder studente aanmoedig deur hulle bloot te stel aan die realiteite van die samelewing ter voorbereiding van hul deelname aan 'n demokratiese samelewing. Gesubsidieerde ontwikkelingsgerigte gemeenskapsverbintenis is dus

daarop gemik om waarde toe te voeg tot die **ontwikkeling van studente se kritieke denkvaardighede** en ander ontasbare vaardighede in sinergie met onderrig en navorsing, en maak op hierdie wyse 'n bydra tot hul voorbereiding vir aktiewe deelname as Suid-Afrikaanse burgers in hul toekomstige loopbane. Die term omsluit die ietwat beperkte siening van **DL**, terwyl dit terselfdertyd ander diensgeoriënteerde akademiese en nie-akademiese gemeenskapsinteraksies in berekening bring. 'n Voorbeeld is die voorgeskrewe praktiese ervaring wat soms deur professionele rade soos WGL vereis word in die gemeenskap of by privaatsektorinstansies. Dit laat die Universiteit ook toe om uitdrukking te gee aan alternatiewe vorme van maatskaplike responsiwiteit deur kurrikulumaktiwiteite in die vorm van diens aan die gemeenskap wat verder gaan as standaard praktiese kursusse en wat in sommige gevalle **WGL in gemeenskappe** insluit. Die woord **"gesubsidieer"** word gebruik om aan te dui dat 'n gedeelte van die kostes uit klasgeld verhaal word. (Sien Werkgeïntegreerde Leer- en Diensleerbeleid.)

6.4.3 ***Vrywillige vaardigheidsoordrag*** is waar 'n vaardigheid gedeel of oorgedra word sonder enige instruksie van die Universiteit af, maar waar hierdie oordrag in die naam van die Universiteit plaasvind – byvoorbeeld studente of personeel wat aanbied om naskoolse wiskundeklasse aan te bied by hulle kerk. (Nog 'n voorbeeld is die ekstra klasse wat aangebied word deur "die Universiteit se studente of personeel".) As daar geen akademiese toesig is nie, is vrywilligersdiens. As dit deur akademiese toesig gereguleer word, en studente vir kurrikulumdoeleindes geëvalueer word, is dit diensleer. (Sien Werkgeïntegreerde Leer- en Diensleerbeleid.)

6.5 Vrywilligerdiens

Addisionele dienste deur personeel en studente aan veral die plaaslike gemeenskappe waar die Universiteit se kampusse gebaseer is, is ook vorms van gemeenskapsverbintenis. Dit sluit vrywilligergebaseerde 'bemagtiging/ontwikkeling/nie-dissiplinegebaseerde uitreik'-aktiwiteite in soos dienste wat korttermyn, herhalend en meestal filantropies van aard is en nie deur die Universiteit gereguleer word nie. Enige formele verwantskap met die NWU sal nakoming van die gemeenskapsverbintenisreëls vereis.

7 Reëls

Algemene gemeenskapsverbintenisreëls

7.1 Alle navorsing/innovasie- en onderrig-leer-aktiwiteite moet **etiese goedkeuring** van die onderskeie fakulteite kry op grond van voorgeskrewe risiko-assesseringskriteria wat binne fakulteite bepaal sal word volgens die vereistes en riglyne van die spesifieke omgewings.

7.2 Alle Universiteitsverbintenisaktiwiteite moet op **die institusionele databasis vir gemeenskapsverbintenis geregistreer** word. Alle **universiteitsgeaffilieerde vrywillige** aktiwiteite moet as NWU-projekte met duidelike uitkomstes geregistreer word, en 'n uittreestrategie moet beding word voordat die intervensies plaasvind.

7.3 Verbintenisaktiwiteite moet verkieslik as 'n **formele vennootskap opgestel word om verwagtinge te reguleer, risiko's te bestuur en uitklaring van rolle te verseker**. Ingeligte toestemmingsvorms word gebruik om sommige van hierdie regulatoriese stappe en begrip op 'n individuele vlak te dek; hierdie vorms moet egter op fakulteitvlak via die wetenskaplike en etiese komitees afgeteken word.

Formele vennootskappe moet goedgekeur word deur en voorgelê word aan die Institusionele Regskantoor en moet geteken word in ooreenstemming met die Beleid oor Delegasies en Skedule van Magtigingsvlakke.

Bewyse van gedeelde beplanning en die versekering dat die vennootskap wedersyds voordelig is, is noodsaaklik. Gereelde terugvoer moet aan alle betrokke belanghebbendes gegee word om te verseker dat erkenning gegee word aan deelnemers en dat die beginsels van wederkerigheid gehandhaaf word.

7.4 Gemeenskapsverbintenisaktiwiteite moet deur gemeenskapsvennote geëvalueer word, en **bewyse van terugvoer** is belangrik as deel van die beginsel van wederkerigheid.

7.5 Kwaliteit-evaluering, risikobestuur en impakassessering moet deur relevante bestuurstrukture onderneem word.

7.6 Fondsinsameling vir gemeenskapsverbintenis sal gedoen word in ooreenstemming met die reëls rakende die spesifieke aspek van gemeenskapsverbintenisfondsinsameling in die Beleid vir Ontwikkeling en Fondsinsameling en in samewerking met die Bevorderingskomitee van die Universiteit.

8 Prosedures

Die NWU sal die voorsiening van effektiewe, doeltreffende en billike ondersteuning vir gemeenskapsverbintenis deur die gemeenskapsverbintenisondersteuningstrukture verseker. Die oorkoepelende proses vir gemeenskapsverbintenis is op skrif gestel in die dokument "Gehalteversekeringsproses vir Gemeenskapsverbintenis aan die NWU".

Original details: (10935746) H:\HSC\2. Management\2.1.3 Policy management\Beleide\Raad November 2016\10P-10.4_Community Engagement Policy_afr.docm
19 Januarie 2017

File reference: 10P/10.4